

Vrydag 13 Maart

Skrifgedeelte: Lukas 2:13-16

Fokusgedeelte: Lukas 2:14

Eer God vir sy vrede en welbehae in Christus!

Calvyn skryf in sy Kategismus dat God die mens geskep en op die aarde gestel het sodat Hy in ons verheerlik kan word. Ons lewens, wat ons aan Hom te danke het, moet aan sy heerlikheid toegewy word.

Juis daarom is die proklamasie van die evangelie deur die enkele engel, en dan die leërskaare van hemelse boodskappers, so aangrypend. Die beloofde Verlosser is gebore! Laat die ganse skepping daarom God loof en prys. Ja, dat God die weg tot verlossing vir sy mense beskik het, sy uitverkore kinders in wie Hy 'n welbehae het, is die wonderlikste moontlike nuus.

Die engele jubel dit uit: Eer aan God in die hoogste hemel! Ja, eer God vir sy groot genade dat Hy nie sy Seun spaar nie, maar ter wille van sy geregtigheid oorgee. Dat die Seun, hoewel Hy ryk was, ter wille van God se kinders arm sou word, die vloek van die mens dra en sy Gees in hulle harte uitgiet sodat hulle onwrikbaar in hierdie verlossing sal glo.

Romeine 8:19 eggo Lukas 2: "Want die skepping wag met reikhalende verlange op die openbaarmaking van die kinders van God."

Haastig gaan die skaapwagters na Betlehem om die goeie nuus in vlees en bloed te aanskou, die welbehae van God oor sy kinders.

As ons dan terugskou op die aankondiging van die engele, hulle woorde van lof oordink, laat die hele skepping, laat ons harte van blydschap jubel: Deur sy geregtigheid is ons geopenbaar as God se kinders, daar is vrede tussen ons en God.

Hoe meer ons Hom vir hierdie vrede en genade eer, hoe groter word die vrug daarvan in ons lewens.

Sing: Psalm 59-1:1

Ds. J-L Lee (Jan-Louis) (Brits)